# ’n Man Wat Van Die Teenwoordigheid Van Die Here Weghardloop

Jeffersonville, Indiana, USA
17 Februarie 1965

1 Laat ons ons hoofde buig. Dierbare God, ons is bly vanmiddag vir hierdie voorreg wat ons het om weer bymekaar te kom. En U alleen, Here, weet hoe ons harte verlang het na hierdie uur dat wanneer ons weer hier voor U mense kan staan, en hierdie Boodskap bring wat ons so noodsaaklik voel dat dit so dringend is in hierdie uur. U het ons nou hierdie paar dae toegestaan en ons bid, dierbare God, dat U hand van genade op ons sal wees om ons te lei en ons te rig. En gee ons daardie dinge waaraan ons behoefte het, Here, want ons harte smag om U beter te ken.

Ons sien die groot oesland, wit, ryp, en weet die graan is nou gereed vir die groot dorstyd. Dierbare God, ons bid dat U die doppe rondom ons sal oopmaak, laat ons nou in die Teenwoordigheid van die Seun lê hierdie volgende paar dae en ryp word vir die Koninkryk van God.

2 Seën elke lied wat gesing sal word. Seën elke gebed en verhoor elkeen wat gebid sal word, Here. Red al die verlorenes. Roep terug na die huis van die lewende God, en na gemeenskap, diegene wat weggedwaal het.

Ons bid, God, dat U elke siek persoon sal genees wat onder ons dak kom. Skenk dit, Here. Mag daar nie 'n swak persoon onder ons wees aan die einde van hierdie dienste nie.

En, dierbare God, dan vir onsself, ons wat aanspraak maak in hierdie uur om die Kerk te wees, die Uitgeroeptes, diegene rondom die wêreld wat vanuit Babilon gekom het en deelgenote is van hierdie wonderlike gemeenskap in hierdie laaste dag, ons bid, God, dat U ons harte op so 'n manier sal seën. Ons is waarlik honger, Here, en leeggemaak van al die dinge van die wêreld, waarvan ons weet. Here, ons het elke las opsy gesit wat ons so maklik omring, en laat ons nou hierdie wedloop hardloop met geduld, wat voor ons gestel is. Skenk dit, Vader. En mag ons voller, sterker, beter Christene wees aan die einde van hierdie diens, as wat ons was toe ons ingegaan het. Mag God al die eer kry, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

3 Ek dink dit is 'n groot voorreg, vanaand, waarop ek vir 'n geruime tyd gewag het. Die ander dag het ek vir my vrou gesê, ek het gesê: “Ek raak so senuweeagtig as ek wag om by die tabernakel te kom.” Ek het net … Ek het ander vriende, natuurlik, ek het, om die wêreld, maar daar is iets anders omtrent hierdie tabernakel hier.

Ek is uit hierdie stof hierrond geneem toe God my lewe gegee het hier op die aarde; en ek skat, as Hy vertoef, sal ek hier iewers begrawe word. Wanneer Hy kom, sal Hy my hier iewers vind.

Maar dit lyk asof daar iets is wanneer ek begin dink aan Jeffersonville. Nou die dag het ek so eensaam geraak; ek het vir my vrou gesê, ek het gesê: “Ek het heimwee en ek weet nie waaroor ek heimwee het nie, tensy dit daardie mense is wat vir my bid.” Ek het gesê: “Wel, ek sal … Enigste ding wat ek weet om te doen, is om terug te gaan en 'n paar dae van byeenkoms te hê, kyk of ons nie iets van die Here kan vind nie, miskien wil Hy hê ons moet iets weet.”

En die groot, lewensbelangrike onderwerp wat ons nou voor ons het, is *Huwelik En Egskeiding*. En as daar 'n vraag is, moet daar 'n antwoord wees. Daar kan nie 'n vraag wees tensy daar 'n antwoord is nie. Maak nie saak wat dit is nie, daar moet 'n antwoord wees. As die Here wil, wil ek probeer praat daaroor, Sondagoggend.

4 En dan, môreaand, dink ek ons moet hier wees by die … Wat word daardie skool genoem? [Broer Neville sê: “Parkview.” — Red.] Parkview ouditorium. Wat, meneer? [“Parkview Junior Hoër.”] Parkview Junior Hoër. Hoeveel weet waar dit is? Wel, ek skat hulle sal aanwysings uit hê, sal hulle nie, Broer Neville? [“Ja.”] Wees … Dis net hier bokant omtrent—omtrent 'n driekwart myl, en daar sal 'n teken wees. Jy draai terug, van die pad af. Dis 'n mooi, verhewe gebou. Dit het plekke waar jy jou arm kan sit en notas kan neem van wat jy wil skryf, en—en—en dinge. En ek is seker julle sal dit 'n bietjie meer geniet as wat julle sal wees, soort van opgekrop in die dienste hier in die—in die tabernakel. Daar sal baie plek wees, baie parkeerplek.

Nou, ek dink hulle het 'n klein regulasie wat ons moes belowe om by te hou, dit was, om nie op die grond te kom voor omtrent ses-dertig nie. [Broer Neville sê: “Nie voor vyf-dertig nie; om nie daar te wees voor vyf-dertig nie.” — Red.] En hoe laat … [“Die deure gaan oop om ses-dertig.”] Ek glo dit sou 'n goeie idee wees vir ons om daar te kom om ses-dertig.

Nou, hulle het nog 'n ouditorium hier in die dorp met sesduisend sitplekke. As ons baie goed is met hierdie een, mag hulle ons die ander een laat kry vir 'n groot byeenkoms, miskien een of ander tyd hierdie somer wanneer ek terugkom van oorsee.

5 En so ek dink ons kan sitplek hê vir … Hoeveel kan ons daar laat sit? [Broer Neville sê: “Ons het plek vir omtrent vierduisend.” — Red.] Vierduisend. So, julle sien, ons sal baie plek hê. Daar sal geen haas

wees nie. En so kom op teen ses-dertig. En dan kan almal op die regte tyd inkom, almal saam, en ek is seker julle sal—julle sal 'n goeie sitplek hê. En dis verhewe soos hierdie en—en 'n plek hier waar jy kan skryf en notas afneem, ensovoorts. En dit sal begin, as die Here wil …

Ek dink nou, vanaand, hierdie Woensdagaand biduur, ons het … Die plek is net omtrent vol, so ek dink miskien moet ons liewer môreaand begin. Ons het dit gehuur net in die hoop dat, miskien, as ons genoeg sou wees om 'n oorloop hier te hê, ons daarheen kon gaan. Maar ek glo dis … dit sal die beste wees om op te gaan, dink julle nie so nie, Broer Neville, om môreaand op te gaan? En hoeveel dink dit sou 'n goeie idee wees? En dan kan julle baie plek hê. Dis—dis alreeds gehuur; dit word betaal deur sommige broers hier in die kerk. Dit het ons net vyftig dollar per nag gekos, wat baie, baie … Wens ek het dit oral gehad, sou soveel kon sit vir vyftig dollar per nag, 'n splinternuwe gebou, mooi verhoog. En, maar ons is …

6 Natuurlik, ons sal 'n offergawe opneem, veronderstel ek. En ons wil nie hê daardie manne moet self daarvoor betaal nie; ons sal betaal vir … hulle terugbetaal. Maar wanneer ons ons uitgawes en dinge kry, wel, dan, natuurlik, hou ons op om offers te neem. Ons doen nie …

As daar enige vreemdelinge by ons is, het ons dit 'n beleid gemaak om nooit te bedel, te boemel, mense vir geld te druk nie. Ons stuur die kollektebord aan, wat net … Dis 'n godsdienstige daad. Ek het dit probeer, baiekeer, glad nie eens om die kollektebord aan te stuur nie, maar dit werk nie. Sien? Want, gee is 'n deel van ons godsdiens. Dis 'n deel van ons plig. Maak nie saak of dit net 'n duit is, of wat dit ook al is, of 'n pennie nie, dis alles …

So onthou julle, Jesus het eendag 'n weduwee sien verbygaan, waar die ryk manne baie van hulle skat in die skatkis ingesit het. En hierdie weduwee het verbygegaan, miskien 'n paar klein, honger kinders wat langs haar geloop het, en alles gegee wat sy gehad het, drie pennies. En Jesus het gesê: “Wie het die meeste betaal?”

7 Nou, as ek daar gestaan het, sou ek gesê het: “Moet dit nie doen nie, suster. Ons—ons, kyk, ons het baie geld.” Maar Hy het haar nooit gekeer nie. Sien? Hy—Hy het geweet Hy het iets groter vir haar langs die pad. So, sien, per slot van sake, sy het 'n huis in Glorie gehad waarnatoe sy sou gaan. En Hy het haar nooit gekeer nie. Hy het haar haar drie pennies laat insit, want dit was net dat sy dit wou doen. En sy moes dit wou doen; met kinders, en 'n weduwee, en net drie pennies om van te lewe. Sy, sy moes dit wou doen. So, julle sien, wanneer mense wil gee, moet jy hulle die geleentheid gee om dit te doen.

8 Maar ek dink aan hierdie wat staan, en mense wat sê: “Wie sal vyftig dollar gee? Wie sal twintig dollar gee?” Ek dink dis nadelig vir jou—vir jou intelligensie. Ek—ek dink dat die mense besef dat dit geld verg om—om 'n—'n byeenkoms te hou. En ek sou hulle nooit toelaat om dit te doen nie, die bestuurders. Ek het gesê: “Wanneer julle dit ook al moet doen, dan is dit tyd vir my om terug te keer na die tabernakel. So, ons sal dit nie hoef te doen nie.” Maar ek—ek dink wel dat ons die offerbord moet aangee, om—om dit 'n volledige godsdienstige diens te maak.

En so sal hulle waarskynlik 'n offerbordjie elke aand aangee, iets sê soos: “Wel, ons neem nou die offerhande op.” En hulle sal die offerbord aanstuur en dit sal—dit sal die einde daarvan wees.

9 En elke aand, as die Here wil, dink ek het die Here 'n baie definitiewe Boodskap vir die Kerk op my hart gelê. Ek was verskeie dae in gebed. En ek sal nie daarop ingaan nie, want 'n groot verskynsel het nou die dag gebeur wat regtig groot was. En ek is gretig om julle daarvan te vertel. En nou, die hoofonderwerp, veronderstel ek, waarvan die meeste van hulle, Billy gesê het, geskakel het, was oor die *Huwelik En Egskeiding*. Wat 'n groot—'n groot onderwerp is en ek—ek het nie geweet hoe om dit te benader nie. En ek het opgegaan om daaroor te bid, en die Here het my ontmoet. En ek weet dat ek, deur … Ek het dit nie, maar God het vir my gegee; ek het dit nou. God het vir my die korrekte antwoord gegee, sien, sien, en ek—ek weet dat dit waar is.

En so ek weet nog nie presies nie, miskien, Sondag mag ek ons susters self net vra om nie die byeenkoms by te woon nie, maar ek—ek weet nie. Dit sou daarvan afhang of die getroude vroue saam met hulle mans wil kom. Daar—daar is 'n paar baie noodsaaklike dinge wat vertel moet word, die waarheid daaromtrent, en hoe … En so wil ons dit absoluut uitlê, van SO SPREEK DIE HERE, dan het julle dit dan. Julle sal dan weet net wat die Waarheid is. En ek vertrou Hom om dit te doen.

10 En nou, ek was hierbo by die restaurant nou die dag aan die eet, en—en Jerry en hulle almal het na julle almal gesoek. Hulle het gesê, gesê: “Wel, ons …” Party, een van die seuns was op, het gesê, hierdie kêrel het gesê: “Ek gaan baie goed uitkom hierdie week,” gesê: “hulle het … Of, hierdie volgende twee weke.” Gesê: “Hulle het 'n—'n byeenkoms hier van basketbal, of iets anders.” Gesê, toe gesê: “Branham is daar onder, gaan 'n diens hou.” Hy het gesê: “Ek sal 'n hele klomp mense kosgee.” By die Ranch House, een van daardie plekke daarbo. En hulle was … baie gaaf gewees.

En ek waardeer julle almal, want hulle het beslis gespog en mooi dinge van julle gesê.

Die bestuurder daar by die Ranch House het my nou die oggend ontmoet. Ek het omtrent twee-dertig ingekom, van Arizona. En hy het gesê: “Wel, Broer Branham,” gesê: “ek hoor jy gaan nog 'n diens hou.” Gesê: “Ek het ekstra hulp gekry,” het hy gesê. En gesê: “Dan wil ek een ding sê, dat daardie mense wat van daar onder kom,” gesê: “hulle is regtig gawe mense.” Nou, dit het my regtig goed laat voel oor julle, sien.

Want, per slot van sake, ek voel soort van dat julle my “kids” is, en ek—ek … of, kinders, liewer. En so het ek … “Kid” verwys na 'n bok, en jy's nie 'n bok nie. Julle is my lammers. Hoe is dit? Julle is die Here se lammers wat Hy my laat voed het. En ek vertrou dat dit sal—dit sal … dat Hy my dit sal laat doen. Ons gaan aan met die pad af.

11 En oor hierdie *Huwelik En Egskeiding*, ek wou daaroor praat sedert die tyd van daardie Sewe Seëls. Julle weet, die verb- … Alle verborgenhede was veronderstel om in hulle bekend gemaak te word met die oopmaak van daardie Sewe Seëls, alle verborgenhede van die Bybel. En ek dink nou, word soort van oud, ek—ek dink ek … Ek het gedink ek beter dit ten minste op band sit, of as iets met my sou gebeur, dan mag die Kerk wonder: “Wonder wat het hy in sy gedagte gehad? Wat sou hy sê?” En al daardie onderwerpe wat so moeilik blyk te wees; ek dink, die … deur die Here se hulp, gaan ek probeer om hulle na julle te bring. En dan—dan as iets gebeur, en as dit gebeur dat ek gaan voordat Hy kom, sal julle—sal julle dit dan op rekord hê.

12 Ek dink ons het 'n paar nuwe boeke uit. Ek sien Suster Vayle; ek weet nie of die doktor hier is of nie. Is hy hier, Suster Vayle? Hy is waarskynlik in die diens. Ek sien hom nie. Maar, o ja, daar heel agter. En Broer Vayle het 'n boek geskryf en dis 'n … Ek het gedink, ek glo hulle het vandag gesê, twee. Broer Vayle, is dit reg, het jy nou twee hier? Twee boeke. Nou, ek weet nie, ek … Soos ek verstaan, kry elke persoon 'n kopie. So ek … As jy … Dis hoe ek verstaan. Ek mag verkeerd wees daarin.

En dan is *Die Sewe Kerkeeue* klaar (Is dit reg, Broer Vayle?) en nou in druk. En ek weet julle sal hulle wil kry, want hulle antwoord baie vrae wat in julle harte was. En dan daarna, wel, ons gaan probeer om die Sewe Seëls oopgemaak te kry, julle weet, in die boek, sodat elkeen in die vorm kan lees wat hulle—wat hulle wil, dit kan verstaan en bestudeer. Ek dink toe dit uitgeskryf was, as dit …

13 Eers het ons dit reg van die band afgehaal, die manier waarop dit geskryf of gespreek is. Julle weet, jy kan 'n preek preek, dis een ding, en dan 'n boek skryf, is 'n ander. Sien, soos wanneer ek 'n onderwerp sou aanraak, soos ek vir julle sou sê, sou julle verstaan, ek sou sê: “Nou, die slang se saad,” sien.

Wel, nou, die leser van daardie boek, as jy dit afgetrek het, sou wonder: “Wat is die slang se saad?” Sien? En hulle sou nie weet nie. As dit sou gebeur in so 'n plek soos Princeton of iewers, en hulle—hulle sou dink ons was onintelligente mense.

So ek het Broer Vayle gekry om my soort van te help hiermee en die lyn van dieselfde gedagte te behou, en dit grammatika te gee. En ek is seker my grammatika sou vir hulle … Dit sou 'n verborgenheid vir hulle wees, sekerlik. So die … Broer Vayle is baie goed daarmee, so hy's soos 'n …

14 En dan, daarin, dink ek ons kosbare broer moes 'n bietjie ekstra inspirasie opgetel het, op een of ander manier, en hy het gesê hy gaan 'n paar boeke van sy eie skryf, van hulle af, soort van. En so het hy een geskryf, genaamd, glo ek, *Die Twintigste-Eeuse Profeet*, en nog een, *Laodicea Kerk*, glo ek, of so iets.

En Billy het vir my gesê dat, vanaand, dat ek glo 'n paar duisend van hulle vandag aangekom het; iemand het hulle van Texas af gebring. En so, hulle, hulle sal hier wees. En hulle sal dit aankondig, dink ek, wat hulle ook al is. Ek dink hulle is geborg. Ek is nie seker nie. En as hulle is, sal hulle aan julle weggegee word, julle sien, ook, gratis. En ons hoop julle geniet dit. En as julle dit doen, skud Broer Vayle se hand daaragter en sê hom hoeveel julle dit waardeer. Ek het dit nooit self gelees nie. As ek hulle sou lees, kan ek my gedagte daaroor verander, so ek sal probeer om hulle hierdie week te lees terwyl ek 'n kans het, as ek kan.

15 Nou, siende dat dit Woensdagaand is, begin ons byeenkoms amptelik môreaand. Maar ek dink, omdat ek hier tussen julle is, kon ek—ek—ek net nie daarbo by die huis bly en—en weet dat julle almal hier is nie. Ek … Net soos, julle weet, soos wanneer party van julle familie inkom, julle weet, en julle afhardloop na die einde van die laan om hulle te ontmoet, julle weet. En—en ek—ek het gedink ek sal net afhardloop en—en julle verwelkom in Jeffersonville. En so hierdie laaste week het ek omtrent …

Nee, ek vra om verskoning, dit was omtrent drie weke gelede, ek het huistoe gekom. Ek was uit om te probeer om … Was op 'n paar dienste deur Arizona daar, en ek het teruggekom om te probeer ontspan. En ek het op 'n jagtog gegaan en ek—ek het die Arizona staat rekord leeu gekry. Ek het hom deur twintig myl houtbos gejaag om hom te kry.

16 Maar dan om te dink, egter, dat ek nooit gedink het toe ek 'n klein seuntjie was … Net om te wys hoe hierdie dinge gebeur, 'n plekkie wat die Here ons daarbo gegee het, vir die maande wat ons daarbuite is, en skool vir die kinders.

Ek was 'n klein seuntjie. Ek skat Jimmy Poole is hier vanaand, miskien is sy pa hier, groot Jim. Ons het saam skoolgegaan en ek onthou dat ek daar gesit het as 'n klein ou verflenterde kind, en skoene, tennisskoene aan, tone buite hulle; leen 'n stuk papier by een, en 'n potlood van 'n ander.

Ek het altyd gedigte geskryf. En Mev. Woods, hier, het my dit vanmiddag op band laat opsê, oor my ou Ford, julle weet, en dis—dis 'n goeie een. Nou, sy het gesê: “Wel, jy behoort dit na Mnr. Ford te stuur.”

Ek het gesê: “Daar is te veel waarheid, glo ek,” oor 'n gerammel aan die voorkant, en 'n gemaal aan die agterkant, en 'n Chinese legkaart vir 'n stuurwiel. Maar ek … Dis—dis 'n … Maar ek het altyd gesê, al wat ek moes doen is om vier bande te tel, en dit genoeg te skud om dit te laat begin en dan daarin te klim. Ek het gesê: “Dit was goed toe ek teen 'n heuwel daarmee sou begin, net baie stadig gaan en sê: 'Ek dink ek kan, ek dink ek kan, ek dink ek kan.' Begin dan, aan die ander kant, sê: 'Ek het gedink ek kon, ek het gedink ek kon.'”

Dis hoe ons hierdie heuwel trek, soos *Pilgrim's Progress*. So ons …

17 Ek het 'n gediggie gehad wat ek geskryf het, iets soos hierdie. En gesê … Nou, dink net, ek was net omtrent twaalf jaar oud. En daarbo gestaan, nou die dag, opgekyk na daardie canyon; en gedink: “Daardie leeu sal net hier in hierdie jagkamer sit, by die venster uitkyk,” in 'n glasvenster. Ek het aan 'n gediggie gedink. Ek het teruggegaan en dit opgetel, iets soos hierdie. Dink net hoe God …

Glo julle God is in alle inspirasie? [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] God moet 'n lied skryf. Glo julle God is in liedere? [“Amen.”]

Jesus het so gesê. Hy het terugverwys na Dawid: “Weet julle nie wat Dawid in die Psalms gesê het nie? Julle weet, het dit nie …”

Kyk na die einste kruisiging. Dawid het dit gesing in die 22ste Psalm: “My God, My God, waarom het U My verlaat? Al My bene, hulle staar na My. Hulle deurboor My hande en My voete.” Julle weet, en dit was 'n lied. Psalms is 'n—is 'n lied.

18 En in hierdie poësie, kyk net hoe dit gebeur. Daar gesit, 'n klein ou kindjie met 'n geleende vel papier, het ek gesê:

Ek is eensaam, o, so eensaam vir daardie verre suidweste,
Waar die skaduwees die diepste oor die bergtop val.
Ek kan 'n loerende prêriewolf oral rondom die pers newel sien;
Ek kan 'n lobo hoor skree waar die langhorings wei.
En iewers bo in 'n canyon kan ek 'n leeu hoor kla,
In daardie veraf Catalina Berge by die Arizona lyn.

19 Veertig jaar later sit ek net daar by daardie canyon, daardie leeu wat my in die gesig kyk.

O God, daar's 'n Land oorkant die rivier iewers, vriende. Dis net … Dit moet daar wees. Sien? Daar is —daar word teveel daarvan gepraat. Al hierdie dinge is nie net mites nie; hulle is … Hulle is werklik. Hulle is werklikhede. Ek is so bly om vanaand hier te wees, om by hierdie mense te wees wat ek verwag om vir ewig Daar oorkant mee saam te lewe, waar daar nie meer siekte, of dood, of afskeidings sal wees nie. En reis sal dan niks vir ons wees nie.

20 Nou, ek dink geen byeenkoms is volledig sonder die lees van die Woord en 'n bietjie …

Broer Neville, ek het net hierheen gestap. Billy het gesê jy wil hê ek moet praat. Was dit reg, Broer Neville? [Broer Neville sê: “Amen. Ja. Sekerlik.” — Red.] Ek het miskien 'n bietjie teveel as vanselfsprekend aanvaar, maar ek—ek het net so goed gevoel daaroor. [“Wel, amen! Sekerlik!”]

So, nou, julle wat liedere en dinge het, julle sien Broer Neville wanneer julle gaan sing, en hê dit dan net daarbo. En het net omtrent 'n halfuur voorlopig, en laat ons reg by hierdie ware diep Boodskappe ingaan en sien wat ons kan sien die Here sal doen. En ek vertrou net …

21 Ek—ek glo ons het Waarheid. Ek is tevrede daarmee. Ek glo die koring is, absoluut, die dop trek weg daarvan. Julle weet. En, sien, ek mag 'n klein voorspel daaroor gee môreaand, sien, hoe die dop wegtrek van die koring. Maar die koring moet in die Teenwoordigheid van die Seun lê om ryp te word. En dis waarvoor ons hier is, vriend, bly in die Teenwoordigheid van die Seun tot ons klein groepie mense hier, totdat dit so ryp word vir Christus, dit brood op Sy tafel word. Dis wat ek wil hê dit moet doen.

En nou voor ons die Woord benader, na gedigte voorgedra is, ensovoorts, laat ons weer bid. Dan

gaan ons 'n teks neem.

22 Dierbare Jesus, help ons nou vanaand, in hierdie paar woorde, soos ons op U wag. En ons bid dat U genade en goedertierenheid met ons sal wees, Here. En maak ons harte sag; beweeg al die doppe terug, die dorings, die distels, laat die geseënde sonskyn van God inval op die Woord, Here. En mag ons so 'n groot byeenkoms hê totdat daar nie 'n ongeredde persoon onder ons sal wees nie, al die kinders in die Koninkryk van God sal wees. Diegene sonder die doop van die Gees, mag hulle Dit ontvang, Vader. Mag al die groot verborgenhede wat ons veronderstel is om te ken in hierdie eeu, Here, vir ons onthul word; en ons sal die duidelikheid van God sien, sodat ons sal weet hoe om onsself te gedra en op te tree, onsself te korrigeer en die lede van ons liggaam in dissipline na die Woord te bring, sodat ons kan weet hoe om te lewe in hierdie huidige dag by die aantog van die Here Jesus.

Soos ek vanaand van U Woord lees, Here, mag ek, deur 'n gedeeltelike geleerdheid, in staat wees om sommige van die woorde in te lees, en miskien ander verkeerd uit te spreek. Maar, Here God, U alleen kan die konteks daaruit trek. U is die enigste Een wat dit kan doen. Daar is geen—geen manier vir 'n mens om dit ooit te doen nie; dit lê in U hande, Here. So gee vir ons elke aand daardie dinge wat weggesteek is in U Woord, dat ons beter Christene kan wees en lewe volgens die tyd waarin ons lewe, as voorbeelde van Christenskap. Ons vra in die Naam van die Here Jesus. Amen.

23 Nou, baie van julle, in julle Bybels, ek wil hê julle moet blaai na die Boek van Jona. Dis 'n … Ons praat altyd soveel van Jona wat 'n afvallige is en alles. Ek het altyd vir Jona opgekom. Ek glo nie dat Jona afvallig was nie. Ek—ek glo dit nie. Ek glo dis net … Ons gebruik dit net partymaal, sê: “Hy's 'n Jona.” Maar as ons … Ek het alreeds daaroor gepraat, op 'n ander manier, deur te vertel hoe ek gedink het, Jona, wat plaasgevind het.

> *En die woord van die HERE het gekom tot Jona, die seun van Amíttai, en gesê:*
>
> *Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.*
>
> *Maar Jona het hom klaargemaak om na Tarsis te vlug, van die aangesig van die HERE af weg; en hy het na Jafo afgegaan en 'n skip gevind wat na Tarsis sou vaar. En hy het die reisgeld daarvoor betaal en daarin geklim om saam met hulle na Tarsis te vaar, van die aangesig van die HERE af weg.*

Is dit nie 'n treurige einde nie? *'n Man Wat Weghardloop Van Die Teenwoordigheid Van Die Here*, en dis my onderwerp.

24 Nou, eers wil ons hieraan dink. Jona was … Die rede, die hoofrede, dat ek glo dat hy hierdie groot ding hier gedoen het, was omdat Jona 'n Jood was. En hy is gevra om na 'n Heidense stad te gaan, om daarteen uit te roep; gedink dat hy nie ontvang sou word nie. Want die Heidene sou dink: “Wat het hierdie Jood met ons te doen?” Maar, julle sien, nog 'n ding, dit gee ons 'n groot ding hier om te sien, dat God nie net God van die Jood is nie, maar Hy's God ook van die Heiden. Hy is God van alle mense.

25 Hy het net die Jode gekies. Die Jode is God se uitverkore mense genoem. Hulle is gekies vir 'n spesifieke doel. En daardie doel was om aan hulle die wet te gee, en hulle kon dit nie onderhou nie. En Hy het net gewys, deur daardie mense, dat die wet nie gehou kon word nie, en dat Hy 'n—'n—'n God van geregtigheid was. En die wet het geregtigheid geëis, maar daar was geen genade in die wet om 'n man uit te bring nie. Geen straf is deur die wet betaal nie, maar dit het genade gekos om daardie straf te betaal, of tot waaronder die wet ons geplaas het.

26 En Jona hier is geroep, as hierdie, een van die kleiner profete van die Bybel, om af te gaan na hierdie stad.

En hier vind ons 'n voorbeeld van ons almal. Elkeen van ons, ons hardloop altyd weg van iets. Ons hardloop weg van moeilikheid af. Ons hardloop weg van verantwoordelikhede af. Ons, ons is almal geneig om dit te doen. Ons, ons is, ons is meer geneig om te hardloop as wat ons is om te staan en dit in die oë te kyk. Sien, ons … Ons—ons—ons vind onsself aan die hardloop.

Soms vind ons onsself geneig om van die werk af weg te hardloop. Ons wil nie, ons wil nie werk nie. Party mense dink net hulle kan hulle lewe maak sonder om te werk. Maar, ek dink dit was Salomo wat gesê het ons kan die antwoord hier vind, deur 'n mier dop te hou.

Julle weet, 'n klein miertjie, hulle sê vir my as daardie (elke) mier nie werk en inlê nie, eet daardie mier ook nie daardie winter nie. So, almal moet—moet werk.

27 Ons het soveel dinge wat ons moet doen, soveel verantwoordelikheid wat ons moet trotseer. Almal moet 'n sekere verantwoordelikheid dra.

Wanneer jy—wanneer jy kom om—om jou vrou te kies, om te trou, of jou man te kies, moet jy—jy 'n

verantwoordelikheid neem. En dan moet jy onthou … Miskien bou jy 'n huis; dis 'n baie mooi huis. En dan, onthou, as 'n getroude vrou moet jy dink aan die verantwoordelikheid om kinders groot te maak. En jy moet dink aan daardie mooi, gladde mure wat vuil handafdrukkies oral oor hulle gaan hê. Dan het jy die verantwoordelikheid om jou kinders op te voed. Jy het die verantwoordelikheid van klere en kos.

Alles is 'n verantwoordelikheid. En dis so maklik wanneer die verantwoordelikhede ons in die gesig staar, om van hulle af te wyk. En ons vind uit dat die huwelik 'n verantwoordelikheid is, op alle maniere.

Selfs, baiekeer, vind ons … Dit is moeilik om te sê, maar dis waar, dat predikers baiekeer 'n verantwoordelikheid ontduik om te staan vir die ware Woord van God wanneer hulle Daarmee gekonfronteer word. Hulle sal daardie verantwoordelikheid ontduik. Wanneer Waarheid van die Woord van God van aangesig tot aangesig gebring word met ons mense, het ons … is ons geneig om weg te skram as die laaste uitweg.

28 Ek het pas klaar gepraat met my nefie daarbo. Hy's 'n Katoliek en hy … En ek het daardie seun gedoop in die Naam van Jesus Christus hier 'n paar jaar gelede, en hy het vriende geword met een of ander meisie en Katoliek geword. En ek het sy ma se hand vasgehou terwyl sy daar sterf. Sy het vir my gesê, die laaste woorde: "Sorg vir Melvin." En hy het net drome gedroom. Hy kan net nie … Elke, elke dag die laaste week het hy drome gedroom. Gesê: "Ek sou in jou kerk instap, Oom Bill, en jy het daar gestaan en preek. Ek sou ophardloop om 'n belydenis te begin maak. Ek sal wakker word." Hy het gesê: "Ek—ek was verkeerd."

Ek het gesê: "Melvin, jy het geen interpretasie daarvoor nodig nie. Jou plek is daar waar jy hoort." Dis reg. Sien?

29 Maar om verantwoordelikhede in die oë te kyk, somtyds neem dit die vel van ons af, om dit te doen. As 'n vader, om die verantwoordelikheid te trotseer om jou kind 'n pakslae te gee. Daardie klein outjies, jy wil dit nie doen nie. Maar as 'n vader of 'n moeder moet jy die verantwoordelikheid dra om daardie kind groot te maak, want die Bybel het gesê: "Spaar die staf en jy sal jou seun bederf." En dit staan steeds goed in die oë van elke sielkundige wat daar in die wêreld is. Dit bly steeds God se Waarheid. As daar meer van dit beoefen was, sou ons nie soveel jeugmisdaad en goed gehad het en die verrotting wat ons vandag in die wêreld gekry het nie. Maar die ou goue reël van die huis is verbreek, lank gelede, en hulle het die kinders laat doen wat hulle ook al wil.

30 Maar selfs soos ek gesê het, predikers, hulle sal van aangesig tot aangesig kom met Waarheid en dan Daarvan wegstap. Sien, hulle is—hulle het net … Dit lyk asof daar iets is wat hulle—hulle nie wil trotseer nie.

Baiekeer het ek mense laat kom, sê: "Ek weet dis reg, Broer Branham, maar as ek dit gedoen het, sou hulle my uit die kerk skop." Wat daarvan? As jy dit nie doen nie, gaan hulle jou uitskop, Daarbo. So jy moet iewers uitgeskop word, sien. So jy kan net sowel dit in die oë kyk, in plaas van om daarvan weg te hardloop en te sê: "Wel, ek sal *hiernatoe* gaan. Ek sal nie teruggaan nie." Gaan terug, sekerlik, luister na nog 'n bietjie Daarvan.

Ondersoek die Skrifte. Jesus het gesê: "Ondersoek die Skrifte, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Dit is Hulle wat van My getuig." Maar ons vind dat mense dit nie sal trotseer nie.

Om gebring te word na, in die Teenwoordigheid van God, en sien wanneer God 'n belofte gemaak het, en God is verplig tot daardie belofte. En wanneer Hy daardie belofte laat gebeur, dan is mense bang om die verantwoordelikheid in die oë te kyk om die Boodskap van die uur te hanteer. Ons vind dit oral.

31 Wat van julle Lutherane? Hoeveel Lutherane was bang om, mense was bang om Luther se Waarheid in die oë te kyk toe hy na vore gekom het met regverdigmaking? Kyk wat dit jou gekos het, miskien jou eie lewe, om uit te kom en Jesus Christus te bely en—en 'n—'n Lutheraan te word.

Kyk na julle Metodiste, hoe dit altyd was, julle almal was heilige rollers genoem. Ek skat julle het dit geweet. En hulle sou onder die Gees kom, en heen-en-weer ruk. En hulle het gesê hulle—hulle het "die rukkings." Die Met- … Dit, nee, dit is nie Pinksters nie; dit was Metodiste, lang jare gelede. En hulle het geruk, en geskud, en onder die krag van God geval. En hulle het water in hulle gesigte gegooi en hulle met waaiers gewaai, gedink hulle het flou geword. En, nou, julle was as 'n klomp heilige rollers beskou. Maar julle moes, julle moeders en vaders, moes Dit óf aanvaar, die Waarheid en feite in die gesig staar, óf haar wegwys.

32 Wat van julle Pinksters wat die herstel van die gawes ontvang het toe die doop van die Heilige Gees uitgekom het met spreek in tale, en die gawes van die Gees wat terugkom in die kerk? Wel, die Metodiste wou julle uitskop en hulle het dit gedoen. Maar julle moes dit in die oë kyk. Dis iets wat julle moes doen.

Wat van die probleem toe dit uitgekom het van die doop in die Naam van Jesus Christus, en julle het

gesien dit was die Waarheid? Julle moet dit in die oë kyk, of iets daaromtrent doen.

Julle het 'n verantwoordelikheid, almal het, en julle moet hierdie dinge in die oë kyk. Goed.

33 En wanneer julle dan sien, in hierdie dag nou, wanneer die Woord van God hierdie beloftes gemaak het van dinge wat ons nou sien gebeur, dan het ons die verantwoordelikheid om Dit óf in die gesig te staar óf weg te kom Daarvan. Jy het … Jy kan net nie neutraal bly nie. Jy moet iets Daaraan doen. Het gesê … Een of ander skuif moet gemaak word.

Jy kan nie by daardie kerkdeur inkom en dieselfde persoon uitgaan as wat jy ingekom het nie. Jy's óf verder weg, óf nader aan God, elke keer wat jy inkom of daar uitgaan.

O, hoe maklik is dit vir mense om hierdie dinge te ontduik. En ek wil hê ons moet hieraan dink wanneer ons begin met die amptelike dienste môreaand, dat, ek wil hê julle moet oplet wanneer iets gekonfronteer word, as julle … as daar 'n vraag daaroor is. As daar 'n vraag daaroor is, moet daar 'n antwoord wees.

34 Sê, byvoorbeeld, ek het gesê ek gaan weswaarts en jy het my *hierdie* kant toe gewys. Wel, die eerste ding wat jy weet, sou ek reg verby my teiken gaan, en ek is te … Ek's noordwes. Wel, wat as iemand my *hierdie* kant toe wys en ek gaan soontoe? Ek sal weer my teiken verbygaan; ek het suidwes gegaan. Wel, solank daar 'n vraag is, watter kant wes is, moet daar 'n direkte antwoord iewers wees.

En wanneer hierdie vrae ons konfronteer, oor die Bybel Waarhede, moet daar die regte antwoord iewers wees. Dis reg. Dit moet daar wees.

En wanneer ons Iets voorgehou sien, dink ek, in plaas van net weg te hardloop, sê: "Ag, onsin! Ek kan nie iets soos Dit glo nie. Ek kan Dit nie glo nie," waarom neem jy nie die Bybel en gaan sit en kyk na Dit nie? Bestudeer Dit. Julle is nou hier in die diens, kyk net Daaroor. Gaan Dit na, self, met die Woord. Gaan die Woord na, deur die Woord. Dis die enigste manier om Dit die Waarheid te laat vertel. En Dit moet die Waarheid vertel, van Génesis tot Openbaring.

Christus is die openbaring van die hele Bybel. In Hom, Christus, al die volheid. Vervulling van al die profesieë van die Bybel word onvoorwaardelik in Christus Jesus vervul, want Hy was God gemanifesteer in die vlees.

35 Nou wanneer ons hierdie dinge vind, egter, wanneer ons gekonfronteer word en in 'n diens kom, en die Krag van God sien beweeg en dinge doen, en bonatuurlike werke doen, en dit sien uitgevoer word, en kyk in die Bybel en sien dat dit belowe is vir hierdie uur; dan wanneer ons daardie dinge sien, dan word ons gekonfronteer met die verantwoordelikheid om dit óf te aanvaar, bedoel ek, soos vir onsself.

Nou, baie mense simpatiseer, baie mense sê dis reg. Maar dit maak nie—dit maak dit nie wat … Dit is nie die ding waarvoor jy verantwoordelik is nie. Soos ek gesê het, wat as daar …

36 As ek 'n jong man was en op soek na 'n vrou om te trou; en hier het 'n meisie gestaan wat elke kwalifikasie nagekom het wat ek gedink het dit neem om 'n vrou te maak. Wel, moreel was sy 'n koningin, en lieflik, en—en 'n goeie persoonlikheid, 'n ware Christen, alles waaraan ek kon dink, om my 'n goeie vrou te maak. Maak nie saak hoeveel ek sê sy is perfek nie, sy is presies reg, sy is nie myne totdat ek haar aanvaar en die verantwoordelikheid dat sy my vrou is nie.

Dis dieselfde ding wat die Boodskap is. Jy mag sê: "Dis reg, of *dit, dat*, of die *ander*." En sê: "Ek simpatiseer Daarmee. Ek glo Dis die Waarheid." Maar jy moet Dit aanvaar; en Dit moet 'n deel van jou word, en jy 'n deel Daarvan. Jy het … Dan is Dit joune.

Wanneer jy met hierdie sekere vrou trou wat jy gekies het, is julle—is julle dan een.

En dis hoe jy met Christus is. Wanneer jy Hom gemanifesteer sien en werklik gemaak word, dan is jy 'n deel van Hom en Hy is deel van jou. En saam is julle 'n deel van die Boodskap.

37 O, hoeveel denominasionele skepe het ons wat afgaan na Tarsis vir die Jona's van hierdie dae, negehonderd van hulle, iets, skepe wat die maklike roete neem. Wil dit nie in die oë kyk nie.

Jona wou nie in die gesig staar, die ding van na die Heidene te gaan nie. Hy wou nie daardie wrede Boodskap daarheen neem nie: "Binne veertig dae sal julle vergaan as julle nie bekeer nie." Hy het dit gehaat om dit te doen. En hy het gedink: "Daardie Heidene, is moeilik om te sê wat hulle aan my sal doen." Maar hy moes dit in die oë kyk. Sien? Maar hy het 'n maklike skip geneem en afgegaan na Tarsis, afgegaan in die romp van die skip en aan die slaap geraak; het die maklike roete geneem.

38 Dis 'n maklike weg, dis 'n gewilde weg by die mense. Dis maklik om die weg te vat waar almal jou op die skouer kan klop en sê jy is 'n goeie kêrel: "En dit is *so-en-so* en seker," en die wêreld sal na jou kyk. Dis maklik om op die gewilde manier te gaan.

Maar wanneer—wanneer jy iets anders moet doen, wanneer jy moet staan by jou oortuiging van wat jy weet om die Waarheid te wees, dis daar waar die moeilike deel is, dis waar die geskuur kom, net daar.

O, soos ons dikwels daardie ou lied gesing het:

Hoe maklik terwyl jy oor die see vaar en dis kalm,
Om te vertrou op die krag van Jehova se groot arm.

Maar, o, laat die golwe begin waai, laat—laat die wind waai en die golwe opsweep, wat doen jy dan?

Iets soos ek vertel is, eenkeer, wat 'n dame gesê het. Terug in die perdekardae, wat gesê het die perd het weggehardloop met haar toe sy weggegaan het van die kerk af. Gesê: "Wat het jy gedoen?"

Gesê: "Ek het die Here vertrou totdat die toue gebreek het." Wel, dis die tyd om die Here te vertrou, na elke … nadat die toue gebreek is. Jy vertrou in die toue totdat hulle gebreek is. Ja.

39 En so vind ons uit dat ons baie maklike maniere het om te gaan, skepe wat afgaan na Tarsis, want dis maklik, die onverantwoordelikhede. Dit vloei net in, jy het alles wat kom; almal hou van jou. En, almal, jy is 'n … Niemand verskil met jou nie; jy verskil met niemand nie. Nou, as dit nie 'n skande is nie! Dis reg. Ja, stoot oor, kantel oor! Wel, enigiemand, ek gee nie om wie jy is en waarvoor jy staan nie … Eintlik, ordentlik denkende mense sal meer van jou dink as jy sal staan vir jou oortuiging van wat reg is. Reg. Gee nie om …

40 Jy neem 'n vrou, sy mag dalk nie baie aantreklik wees nie, en wat sy ook al is; maar jy laat daardie vrou staan vir beginsels van vroulikheid, laat haar staan soos 'n dame; en as 'n man 'n ons van man in hom het, sal hy vir haar opstaan. Absoluut. Ons waardeer iets wat—wat iemand het, dat hulle glo dat dit die waarheid is en sal staan vir wat hulle dink reg is.

Hoe onbeskaamd, dis wat teveel Christene vandag is, is so gevlei en alles, totdat hulle dink al wat hulle doen is by 'n kerk aansluit, êrens ingaan, hulle naam op 'n boek sit, of 'n ietsie doen, spring op-en-af, skree, of—of so iets, en noem dit Christenskap.

Christenskap is 'n alledaagse, taai lewe, lewe vir God in die … hierdie teenswoordige wêreld. Dis 'n konstante brand van die Vuur en liefde van God in die hart, wat jou aan die brand steek en jou daar buite sit saam met die mense, en bekeerlinge maak na Christus. Verantwoordelikhede.

41 Maar dis maklik om te gaan soos die wêreld gaan. Dis maklik om in die stroom af te vloei.

Gaan daarheen en gaan sit in die rivier met jou boot. Jy kry jou roeispane en begin trek teen die stroom; jy maak nie veel tyd nie, en dit gaan moeilik. Maar jy laat net eenmaal die roeispane los en kyk hoe vinnig jy by die bome verbygaan, afgaan, maar kyk waarnatoe jy gaan!

Wanneer dinge maklik dryf, onthou, gaan jy na 'n—'n groot waterval daar onder van een of ander soort. Jy gaan na die valle toe en dit sal nie lank wees voordat jy oor daardie valle gaan nie. Vloei net saam met die wêreld, maklik, hoe dit gaan, jy wil dit nie hê nie. Nee, meneer. Maar jy moet jou verantwoordelikheid aanvaar.

Nou, jy glo Dit en jy het a- … Jy dink Dis die Waarheid.

42 En die verantwoordelikheid wat God ons gegee het in hierdie dag om hierdie Boodskap te bring! En soos ek ouer word en ek weet my dae verkort, voel ek die verantwoordelikheid groter as wat ek ooit gevoel het. Deur voort te beur, moet ons dit doen! Ons moet daarby kom, oral waar ons gaan, en die Boodskap vertel; en—en vir die mense sê dat Jesus Christus kom, dat Hy God is en Hy kom spoedig. Daar's nie 'n—nie 'n hoop oor in die wêreld nie, behalwe die Koms van die Here.

43 Kyk terug daar na 'n paar vriende wat saam met my daar was toe die Engel van die Here … Hierdie seuns wat hier sit, ek glo hulle het die plek gevind waar dit daar gebeur het. En onthou net wat die Here daardie dag vir Broer Woods gesê het. Het teen die heuwel opgestap. En—en hy het soort van gehuil omdat sy vrou siek was. En die Here het gesê: "Tel daardie klip op en gooi dit in die lug op en sê: 'SO SPREEK DIE HERE.'" En ek het dit gedoen. En Broer Woods sit as 'n getuie.

En ek het gesê: "Broer Woods, dit sal nie lank wees voordat jy iets gaan sien gebeur nie." En die volgende dag toe ons daar gestaan het, almal van ons saam … En 'n klomp van die manne wat net hier staan vanaand.

44 'n Jong prediker was daar en hy was 'n … Ek het opgelet … Ek het hom pas die vorige aand ontmoet. Hy was in ons kamp. Hy het opgekom om saam met ons te wees. En hy het vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, sien jy ooit visioene as jy uit is soos hierdie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer. Maar ek het hierheen uitgekom om weg te kom daarvan, om 'n bietjie te rus." Hy het gesê … "Wel," het ek gesê: "ek—ek … Natuurlik wys Hy my dinge hierbuite." En ek het gesê:

“Net oor die heuwel hier, waar die sewe Engele daaronder verskyn het.”

Hy het gesê: “Ja, ek verstaan.” Gesê: “Ek was een van die borge op jou byeenkoms daar in Kalifornië.”

Ek het gesê: “Wel, ek is beslis bly om dit te weet.”

En terwyl ek daar gestaan het, net toe het ek omgekyk en ek het soort van 'n gesette dokter in sy oë sien kyk, en ek het hom hoor sê: “Jy gaan daardie oog verloor, want daar's 'n allergie daarbinne. En ek het dit vir twee jaar gedokter en jy gaan daardie oog verloor.”

Ek het gesê: “Die rede waarom jy my dit gevra het, want jou dokter het jou nou die dag gesê jy gaan daardie oog verloor.”

En hy het gesê: “Dis reg,” en hy het *so* rondgekyk.

En ek het gesien hoe sy moeder een van haar kouse uittrek en haar voet uithou, met klein gewassies wat tussen haar tone hang, op-en-af teen haar been; en gesê: “As jy Broer Branham sien, sê hom om hiervoor te bid.”

Ek het gesê: “Jou moeder het haar … het haar voet uitgesteek soos *dit*, en gesê sy het … het klein gewassies regoor haar—haar tone, en so; en gesê: 'Laat Broer Branham bid.'”

Hy het gesê: “Broer Branham, dis die waarheid.”

Ek het omgekyk. Toe ek het, het ek hom daar sien staan en na my kyk, soos *dit*, met sy oë net so helder. Ek het hom hierdie herfs ontmoet; hy het beter oë gehad as enigiemand in die kamp. Die Here het hom genees en hom gesond gemaak.

45 Terwyl ek daar gestaan het, het die Here gesê, my gewys wat gaan gebeur. “Oordeel is gereed om die Weskus te tref.” En Hy het gesê: “Gaan daarheen, langs daardie vuurmaakplek.”

En ek het 'n graaf in my hand gehad; daarheen geloop. En Broer Roy Roberson, ons almal ken hom hier. Hy is nie vanaand hier sover ek weet nie; hy's daar in Arizona. Hy's die voorsitter van die trustees hier, en ek het geweet hy was 'n veteraan. En iets sou gebeur; 'n baie mooi, stil oggend, omtrent tienuur in die oggend. Die manne oral daarrond, tien of twaalf van ons, het tente afgeslaan en varke geslag en dinge. So ons … Ek het rondgeloop, ek het gesê: “Roy, kruip weg, vinnig. Iets maak gereed om te gebeur.” Ek kon hom niks meer sê nie. Maar net toe ek daar gekom het …

En afkomende uit die hemele kom die warrelwind van God, en klap, soos, skud die heuwels, hardloop binne-in daardie berg, sny 'n streep reg om dit, omtrent vyf voet bokant my kop, en sny al die toppe van daardie bome af, soos die rotse uitgevlieg het. Het in die lug opgegaan en weer afgekom, met nog 'n groot doop, en oor die berg geslaan, en die rotse so uitgegooi. Het dit drie keer gedoen en toe opgegaan in die lug.

En Broer Banks het na my toe gekom, gesê: “Dis wat jy gister gesê het?”

Ek het gesê: “Ja, meneer, dis presies dit.” Sien?

En toe twee dae daarna het Alaska amper gesink, daarbo. En op-en-af met daardie Weskus was die donderslae en stote, en alles wat gebeur het. En een van die dae gaan sy onder die oseaan inskuif. Reg. Wat is dit? Ons lewe in die uur van die Koms van die Here.

46 Ons sien ismes en dinge wat opstaan, en al hierdie verskillende dinge, ons weet daar moet 'n ware antwoord hierop wees.

Daar is mense hierbuite in die platteland wat in grotte ingaan en dinge: “En op die 16de Maart,” julle het dit in die koerant gelees: “gaan die Here kom.” Julle weet dit is nie so nie.

Jesus het gesê: “Geen mens ken die minuut of die uur nie.”

Wanneer ons al hierdie dinge sien, en dinge plaasvind op die manier wat hulle is, en daar moet 'n ware antwoord iewers wees. Daar moet 'n Waarheid wees. Daar is een, oos; en een, wes; maar daar's 'n een, suidoos, en noordwes, of iets. Maar daar moet 'n ware antwoord wees, iewers, vir die probleem. [Leë kol op band — Red.]

47 Ontduik dit? Ons moet vir die mense sê dat ons lewe in die ure van die Koms van die Seun van God. Ons wil—wil dophou en (God) aan die beweeg wees, die heeltyd, gereed om 'n man 'n korrekte antwoord te gee.

Dit was altyd so. Dis—dit was in die mens, het weggedwaal en weggegaan van God, sedert Adam, in die tuin van Eden. Toe Adam in die tuin van Eden was, toe hy by die verantwoordelikheid gekom het om

sy keuse te maak, sou hy by God bly of saam met sy vrou gaan? hy moes daardie ver- … hy moes dit maak, die—die verantwoordelikheid hang van hom af. Hy moes óf neem wat sy vrou gesê het, óf wat God gesê het. En toe hy gekies het om die weg van sy vrou te volg, en toe hy dit gedoen het, toe het hy sy oorspronklike toestand verloor. En het die hele wêreld aan die dood onderwerp, toe hy die verantwoordelikheid moes neem, of óf 'n nuwe lig aanvaar wat sy vrou gevind het, wat teenstrydig was.

O God! Dink daaraan. God gee hulle net omtrent agt of tien Woorde om te onderhou. "Maar van daardie boom mag jy nie eet nie." Dis al wat hulle moes hou. En selfs met net soveel Woord, het hulle Dit gebreek.

Toe moes Adam in die gesig staar: "Sal ek, sal ek maak soos my vrou gesê het om te doen, of sal ek doen wat God gesê het om te doen?" En hy het uitgestap met sy oë oop. Hy moes die verantwoordelikheid neem. Dit het die hele menslike geslag tot die dood gewerp.

48 Toe het daar daardie ander Adam gekom, wat Christus was, nooit 'n een soos Hy nie! Iemand sê Hy was nie God nie? Sy uniekheid het bewys Hy was God. Daar het nooit 'n skepsel soos Hy gelewe nie. Hy het in 'n wêreld vir Homself gelewe. Hy is gebore buite die sfeer van die natuurlike, sondige mens. Halleluja! Hy was die Skepper wat Self vlees geword het.

Wie kon ooit staan waar Hy gestaan het? Wie het ooit soos Hy gepraat? Wie kon ooit die dinge sê wat Hy gesê het? Wie kon ooit die dinge doen wat Hy gedoen het? Sy uniekheid het bewys Hy was God. Daar was nie 'n profeet of niks anders wat kon doen wat Hy gedoen het nie; Wie die dooies kon terugroep uit die graf, en Wie die uitspansel kon stop, en enigiets doen wat Hy wou doen. Hy was God. Wie kan ooit in Sy plek staan? Wie? Wat kon Hy wees behalwe daardie volmaakte, onsterflike God, wat vlees geword het en onder ons gewoon het!

49 Niks het ooit met Hom vergelyk nie. Hy het in 'n wêreld tot Homself gelewe. Geen mens het ooit soos Hy gepraat nie. Toe Hy net Sy mond oopgemaak het, was daar iets daaromtrent wat anders was as enigiemand anders. Iemand het gesê Hy was net 'n gewone man; ek daag dit uit. Hy was God. Dis wat Hy was. Want geen mens het ooit soos Hy gepraat nie, geen mens kon soos Hy praat nie, want Hy was die lewende Woord Self wat vlees geword het, die manifestasie van die volheid van God.

Ek sal erken, daardie profete het hulle boodskap gehad. Hulle het hulle toe gehad; hulle het hulle nou. Maar daar was die volheid van die Godheid liggaamlik, gemanifesteer daar. Hy was die unieke Een en Hy was die Een wat die saak moes trotseer. Met al Sy groot magte wat Hy gehad het, dat Hy absoluut die koning van die wêreld kon gewees het. Hy sal wees; en Hy, vir Sy heiliges, is Hy nou.

50 Hy het daar gestaan. Watter man arm sou wees, het nie 'n plek gehad om Sy hoof neer te lê nie; wat selfs geweet het waar 'n vis 'n muntstuk ingesluk het? Wie, watter man kon daardie groot kanne water neem en hulle in wyn verander, en nie 'n plek hê om Sy hoof neer te lê nie? Hy moes die verantwoordelikhede in die gesig staar wat in Sy hand gegee is. Watter man wat 'n man uit die graf kon oprig, nadat hy vier dae dood en verrot was?

Kon Hy nie Homself gered het nie? Sekerlik, Hy kon; maar as Hy het, sou Hy ons nie gered het nie. Hy moes die verantwoordelikhede trotseer, en as gevolg van Sy gehoorsaamheid aan die Woord! Waar, Adam se ongehoorsaamheid, en hy het die kortpad geneem, die—die pad af na Tarsis. Maar Jesus het die weg gevat na Ninevé, na die Heidene, om vir Homself 'n Bruid te kry. Ek is bly dat Hy dit gedoen het, vanaand. Ons behoort die feite in die oë te kyk, dat ons aan Hom behoort, die wêreld weg te neem. Amen!

51 Elke mens moes dit in die oë kyk, wat 'n verantwoordelikheid voor God het. Ons neem net, byvoorbeeld, Noag. Hy het. Noag, Moses, Elía, en al die res van—van elke eeu, moes die verantwoordelikheid trotseer. En hulle moes dit doen, maar dis waarom hulle gestuur is in die uur.

Kyk na Noag in sy wetenskaplike eeu, hoe hy 'n ding moes trotseer wat so onwetenskaplik was. Wel, daar was nie 'n—'n—'n rede waarom dit nie onwetenskaplik kon wees nie … Sien, dit—dit was onwetenskaplik, liewer. Wel, hulle het gesê dit gaan uit die lug reën. Hulle het nooit reën gehad om uit die hemele te val nie. Nou, hy moes dit in die oë kyk. God het gesê dit gaan reën. En toe het hy …

52 Dan is geloof sonder werke dood; as jy sê: "Ek glo dit," en nie daarop reageer nie. Net soos die Boodskap, as jy sê: "Ek glo dit," nie reageer nie, watter nut het dit? Sien? Noag het met sy hamer te werk gegaan en 'n ark gebou, om te bevestig waarvan hy gepraat het. Dis wat ons ook moet doen. Ons moet aan die werk spring om ons geloof te bewys deur ons werke. Ons werke bewys ons geloof.

Moses moes dit doen en Elía moes dit doen. Elke profeet in sy eeu moes opstaan en hierdie verantwoordelikhede trotseer. Maar baie van hulle het nie soos Jona gemaak nie. Hy het gehardloop; hulle het nie.

53 Let op: "Roep daarteen uit." O, goeiste! Daar is dit. Dis die onderwerp: "Roep daarteen uit." Daar is

die tjekgedeelte.

Gaan net soontoe en sê vir daardie kêrels: “Sê, ek kom af om by julle kêrels aan te sluit. Julle weet, ek glo ek sal julle sê wat ek sal doen. Ek het net 'n klein dingetjie hier wat ek glo ek kan dit maak … ons almal bymekaar bring, en *dit, dat*, of die *ander* doen.”

Maar dit was: “Roep uit daarteen,” wanneer jy moet uitroep teen iets. Nou, hy moes uitroep teen alles wat daar was; roep uit teen die stad, roep uit teen hulle werk, roep uit teen hulle kerk, roep uit teen hulle profete, roep uit teen hulle predikers, roep uit teen hulle priesters. “Roep uit daarteen, die hele ding! Roep daarteen uit!”

Noag het uitgeroep teen sy eeu. Sekerlik, hy het, teen die kerke van sy eeu.

Moses het sekerlik uitgeroep teen sy—sy eeu; die mense, die priesters, ensovoorts. Hy het die hele pad deur die wildernis uitgeroep. By elke kruispunt het hy uitgeroep, voortdurend uitgeroep na die mense.

Elía was baie ongewild in sy dag omdat hy teen daardie eeu uitgeroep het. Was beslis.

54 Johannes die Doper was baie ongewild in sy eeu. Hy het uitgeroep teen sy eeu. Hy het vir die koning gesê, die—die maghebber van die—van die land; hy—hy het, hy het met sy broer se vrou getrou. Hy moes een oggend oor huwelik en egskeiding preek. So hy het uitgeroep daarteen, hy het gesê: “Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie.” Dit het hom gekos, sy kop om afgekap te word, later, maar hy het uitgeroep en hy het by sy pos van diens gestaan.

Hy het nooit 'n skip na Tarsis geneem en gesê: “Wel, ek sal met jou saamstem, Herodus. Dis alles reg. Solank jy dink sy's 'n gawe vrou, sy is 'n gawe vrou vir jou, gaan voort.” O, genade. Daardie vadoeke, julle sien, ja, net elke dingetjie … Wel, dis niks anders as om vuil borde mee skoon te maak nie.

55 Maar, let op, Johannes was nie so nie. Hy het reg daarteen opgestaan. Hy het gesê: “Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie.” Ja, meneer. En hy het dit teengestaan.

Hulle hardloop nooit. Johannes het nie. Hulle het gestaan en die feite in die gesig gestaar. Moses het probeer hardloop, eenkeer, soos Jona, maar God het hom teruggebring. Baie van hulle het probeer wegkom daarvan; hulle sou begin …

Maar kyk, as God jou geroep het en jy is seker dat God in die Boodskap is, is daar niks wat jou sal terugdraai nie. Dit het Jona nie laat draai nie. Nee, meneer.

56 Amos van ouds het uitgeroep, gesê: “Die leeu het gebrul, wie kan nie vrees nie? En God het gespreek, wie kan nie profeteer nie?” Wie kan nie profeteer nie wanneer jy God sien praat en gesê het 'n sekere ding sal gebeur, en daar is dit?

'n Leeu brul, almal is bang, ja, meneer, as jy ooit een brul in die oerwoud gehoor het. Jy kan hierdie miaau rondom hierdie hokke hierbuite hoor, daardie mak leeus, maar julle behoort 'n ware, wilde een een keer te hoor brul. Klein rotse sal van die heuwel afval, vyfhonderd meter ver. Ek wil sien waar al daardie uitbarsting uit daardie longe kom. En hy gooi sy kop af, gooi daardie pels op; ek het nooit enigiets gehoor … Soos 'n—'n kanon wat afgaan, wanneer hy daardie groot gebrul in sy longe laat uitbars. Wie kan nie bang wees nie?

Hulle sê, as jy ooit deur 'n leeu doodgemaak word, is dit pynloos. Jy skrik jou dood voor hy by jou uitkom. Sien, jy let dit nie op nie. Hy maak jou bang met daardie groot woeste gedreun, en hier is hy op jou in 'n breukdeel van 'n sekonde.

57 Hy het gesê: “Die leeu het gebrul, wie kan nie vrees nie? En God het gespreek, wie kan nie profeteer nie?” Wanneer jy God iets sien doen, sê jy … “Ek mag nie 'n profeet wees nie …” Jona het gesê … “Ek is dalk nie 'n profeet, of die seun van 'n profeet nie. Maar God het gespreek, wie kan nie profeteer nie?”

Ek mag nie 'n profeet wees nie, ek mag nie *dit, dat*, of die *ander* wees nie. Wanneer ek God enigiets sien doen en ek sien dit hier in die Woord, en Hy het dit belowe, wie kan stilbly en swyg? Sekerlik, Hy het dit gedoen.

Ons kan ook nie wegkruip agter geloofsbelydenisse en al hierdie gemeenskappe, en daar na—na Tarsis nie. Ons wil nie saam met daardie gemeenskappe gaan nie.

58 Maar baie, soos Adam, doen dieselfde ding, probeer 'n plaasvervanger op een of ander manier maak, probeer om 'n uitweg te vind, en—en maak 'n plaasvervanger, om God in die gesig te staar. Nadat hulle die verkeerde geweet het, het hulle die Waarheid in die gesig gestaar, saam met sy vrou gegaan en presies gedoen wat God hom gesê het om nie te doen nie. Hy het reguit voortgegaan en dit gedoen, in elk geval. En toe het hy homself nakend gevind, sy en hy, albei, in die tuin van Eden. Hulle oë het

oopgegaan. Hulle het toe geweet wat reg en verkeerd was. En toe het hy 'n plaasvervanger probeer vind, om homself soort van te bedek daarmee.

Nou, dis net omtrent soos ons vandag maak, 'n verskoning, sê: “Wel, ek sê jou, as dit *hier* was, of as *dit*.” Of: “as, as, as,” dis net … Sien? Maar jy moet dit in die oë kyk. Dis óf reg óf verkeerd. En as dit reg is, laat ons daarby bly. As dit verkeerd is, kom weg daarvan. Dis al. Kry wat … Vind uit wat reg is. Jy wil nie langer wag nie. Laat ons nou uitvind wat die Waarheid is en wat reg is en daarby bly. Ons weet dat dit waar is.

59 Nou, ons vind vandag dat ons mense so … Dit lyk asof al die opregtheid uit die kerke uitgegaan het. Ek … In die …

Ons woon in 'n huis daar van 'n kosbare suster wat na hierdie kerk toe kom. Sy sit waarskynlik hier vanaand. En sy verhuur dit uit aan haar … die mense. En sy was net so goed vir ons oor daardie plek, om ons daardie plek te laat kry. En so sou ek haar naam noem, maar sy wil dalk nie hê ek moet dit doen nie. En sy was so goed vir ons, wel, ons sou—sou haar beslis nie wou ontbloot nie. Maar sy is 'n baie, baie dierbare vrou. En in die huis was daar 'n televisie aan die een kant. Ons het 'n klein, twee, dupleks.

Ek het 'n groot familie en 'n klomp kleintjies, en ons … en julle—julle weet, en hulle moet beddens hê, en baie van hulle. En alles het opgestapel bo-op, en jy moet *hierdeur* en *daardeur* loop, om in en uit te kom.

60 En dan daar oorkant het hulle 'n televisie gehad. En in hierdie televisie het hierdie kinders Sondagoggend begin kyk na een of ander soort liedere gesang wat opgekom het. En, julle weet, dit—dit sou jou amper skaam maak; as daar nie 'n egte Christenskap iewers was waarop jy jou hande kon sit, om te sien wat Christenskap genoem word nie. Wel, dit lyk asof al die opregtheid daaruit gegaan het. Wel, hulle doen nie, dit lyk nie of hulle … Wel, dis net verskriklik hoe hulle daar staan en hulle vuiste maak en mekaar beveg, daarop, en liedere en alles soos dit probeer sing; en grappe vertel wat 'n matroos skaars sou vertel, en allerhande dinge sê, en grappe maak en aangaan. Julle weet, die heiligheid van—van—van Christenskap het skynbaar sy plek verloor.

61 Nou, ek gaan kerk toe en—en sien die pastoor daar opkom en aankondig dat daar—daar 'n—'n swemmende-by gaan wees. Al die vroue in hierdie swembroeke, hulle gaan almal daarheen. Hulle gaan 'n wedstryd hê; hierdie vroue, swem. En hulle gaan 'n—'n partytjie van een of ander soort hou, en hulle gaan 'n klomp—klomp hoender braai, en bunko speel, en—en al hierdie dinge soos dit. Vir my neem dit die egte opregtheid uit die Christenskap; kom net weg met enigiets.

62 Ek het gesien, hiernatoe gekom, vind ons uit … Julle weet, ons vind meer van ons susters wat kortbroek dra hier in hierdie koue kontrei, as wat jy hulle daar in daardie warm kontrei vind. Sien, dis waar. Daarbuite waar dit regtig warm is, is daar nie teveel van hulle wat hulle dra nie. Maar hier, waar—waar dit koud is, hulle—hulle doen dit. Sien, dis, hulle besef nie dis die duiwel wat dit doen nie. Sien? Nou, as dit gemaklik sou wees, as dit jouself sou help, sou dit anders wees. Wees man, ek dink dit lyk sieklik aan 'n man, maar—maar jy—jy sou—sou geen aandag aan 'n man gee nie. Maar die dame, haar—haar liggaam is heilig en sy moet dit so hou. En om te sien ou …

63 Jy kan mense sien vandag. Daar is twee geeste. En een van hulle is die Heilige Gees; die ander een is 'n onheilige gees, en mens word daardeur bestuur. En albei van hulle godsdienstig. Nou, ja, dis die vreemde deel, hulle is albei godsdienstig. En net soos Esau en Jakob was, albei godsdienstig; soos Kain en Abel was, albei godsdienstig; soos Judas en Jesus was, albei godsdiens, albei godsdienstig. En ons sien dit vandag, beide kante godsdienstig. Sien, dis dieselfde gees. Die mense sterf, maar die gees sterf nie. Dit gaan reguit aan, beide godsdienstig.

Een van hulle is beset met die Heilige Gees, wat die soort lewe lei wat hulle behoort te lewe, en goddelik en eerlik wandel. Hulle sou jou nie uit 'n pennie bedrieg nie en hulle—hulle doen alles eerlik wat hulle kan om jou te help. En die ander sal … Net so gaaf as wat hulle kan wees.

En die ander, vind ons uit, dis net omgekeerd. En tog, albei van hulle is godsdienstige geeste, twee van hulle; een, Heilige Gees; en die ander, 'n onheilige gees. En as jy opgemerk het, sal dit, selfs al maak hulle aanspraak op godsdiens, sal hulle met jou spot en jou 'n heilige roller noem. Hulle doen enigiets wat hulle kan.

64 Hulle ignoreer die—die onveranderlike Woord van God asof Dit nooit geskryf was nie.

Sien, jy kan sê: “Nou, kyk hier, as—as die doop …”

“Ek het die Heilige Gees!”

“En staan daar met daardie sigaar in jou hand en rook dit?”

“Ja, ek het die Heilige Gees! Ek dink nie dis verkeerd om 'n drankie te neem nie. Ek dink nie dit …”

Sien?

En het julle opgelet: “Ek dink nie”? Maar God dink anders, julle sien, volgens Sy Woord. Sien? Sien, hulle … En hulle—hulle het net eenvoudig soveel as—as Daarop gespoeg. Dis presies reg.

65 Net soveel soos hierdie klein ou kreupel kêreltjie wat uitgekruip het daardie tyd, toe Dawid van sy troon geëkskommuniseer is. Hy het opgegaan op die Olyfberg, uitgegaan, gehuil soos hy opgegaan het, teruggekyk. En hierdie klein ou kêreltjie het daar uitgekruip en op hom gespoeg. En daardie wag het gesê: “Sal ek die … daardie hond se kop op hom laat bly, en op my koning spoeg?”

Dawid het gesê: “Laat hom alleen.” Sien, hulle het op hom gespoeg.

Omtrent agthonderd jaar later het hulle op sy Seun, Jesus Christus, gespoeg.

En vandag spoeg hulle weer op Hom. Asof Dit nie eens net … Oneerbiedig, onbesorg, draai net hulle kop op en stap weg Daarvan, en lag in jou gesig. Hoekom is dit? Hulle is op 'n skip na Tarsis. Dis presies.

Hierdie oproep tot God, jy moet uitroep teen die bose, uitroep teen sonde, uitroep teen die dinge wat verkeerd is. Nou, onthou, dit sal wees.

Haai, julle weet, hierdie keer. Julle weet, ek verskil twee ure. En in Tucson is dit net tien minute na sewe, en—en ek raak soort van—soort van uit my plek hier. Huh? Goed.

66 Onthou nou, ons sal daarvoor moet antwoord. Onthou, diegene wat op Christus spuug, antwoord daarvoor.

Toe Dawid teruggekeer het uit sy ballingskap, toe hy 'n vlugteling was, en toe hy teruggekeer het, onthou, het hierdie kêrel op sy gesig geval en uitgeroep om genade. Hy het op Dawid gespoeg, uitgegaan, maar hy was amper gereed om sy voete met trane te bad toe hy teruggekeer het.

En eendag sal diegene wat Jesus deurboor het dit sien.

En diegene wat Hom vandag deurboor, sal dit ook sien. Hulle, eendag, sal dit terugkom. Onthou, Openbaring 22, Hy vereis van ons om elke Woord te hou wat Hy geskryf het; elke Woord.

67 Nou ons weet Sy Teenwoordigheid is hier. Dis bevestig. Ons het dit. Ons vertrou in hierdie komende week sal dit steeds bevestig word onder ons; die siekes sal genees word en groot dinge sal plaasvind.

Ons wil nie die gewilde idee hê nie. Ons wil die Waarheid hê. En ons wil nie, ons wil (wil) nie—ons wil niks in die gesig staar behalwe wat God gesê het, is die Waarheid nie. Maar: “Wees seker dat jou sondes jou altyd sal uitvind.” As dit nie hier is nie, sal dit jou by die Oordeel kry. So jy's—jy's … Dit gaan jou iewers vang, nou. Ja, meneer.

Maar as jy 'n ware Christen is, waarlik geroep soos Jona was, het God alreeds jou reisgeld betaal. Klim af van daardie skip wat na Tarsis gaan, in elk geval. God het jou voorbestem tot hierdie lewe. Ja, meneer. As jy 'n ware, geroepe kind van God is, kom na Christus. Kom in die volheid van Hom in. Jou weg is betaal na waarheen? Dit is betaal na Ninevé, nie na Tarsis nie. Jy's voorbestem. Jou skip … Daar's 'n skip wat nou net vertrek, op sy pad. So daar's net een ding om te doen, is om daarop te klim. En as jy soos God was, sal jy nooit enige vrede hê nie …

68 Soos my nefie 'n rukkie gelede. Vir omtrent tien jaar nou, het hy van bakboord na stuurboord gegaan. Een oggend gaan hy na hierdie kerk, hierdie Katolieke kerk hieronder, en neem hierdie een omdat een of ander heilige vader hieroor praat, en 'n ander *hier* oorkant, en sommige *hier* oorkant. Waarop kom dit alles neer? Sien? Nou honger en dors hy steeds. Ek het gesê: “Jou plek is daar by die altaar, seun.” Sien?

Daar is geen manier om daaruit te kom nie. Wanneer God ooit agter jou aankom, kan jy net sowel opgee en aangaan. Dis al.

69 Onthou, God! Wel, God was in die boot. God was in die storm. God was in die vis. Oral waar hy gedraai het, was God daar.

Sien, God is daar en dit sal net aanhou spook by jou. So waarom wag ons nog langer? Laat ons net hierdie herlewing reg begin. Reg! Waarop wag jy? Ons glo dat die Koms van die Here op hande is en Hy gaan 'n Bruid hê, en Dit gereed. En ons wil geen skepe na enige Tarsis hê nie. Ons gaan na Ninevé. Huh! Ons gaan na Heerlikheid. Amen. Dis reg. Ons gaan waar God gaan seën, en dis wat ons wil doen.

70 Lê uit in die Teenwoordigheid van God, dan, met ons harte; nie ons hande soveel nie, maar ons harte voor God, totdat Hy ons, deur en deur, soos daardie, met die strale van Sy heerlikheid gegeur het; en Sy—Sy goedheid in ons ingebak, en dit wat ons het, ryp gemaak tot 'n werklikheid, sien, tot waar ons ander kan wys dat Jesus Christus lewe. O, goeiste! Ons wil dit glo.

71 En onthou, waar Jona gegaan het, was God in die skuit; God was in die storm; God was in die vis. Hy het voortgegaan om reg saam met Jona te wees totdat Sy volmaakte wil geskied. Dis reg.

En as Hy ooit agter jou aan is, mag jy *hier* ontwyk, en *daar* ontwyk, maar jy sal ellendig wees totdat jy terugkom en die ding doen wat jy begin het vir Hom om te doen in die eerste plek. Sien? Moenie gaan, weghardloop van die Teenwoordigheid van God nie. Staar dit in die gesig. As jy glo dis die Waarheid, laat dan … As dit die Waarheid is, is dit die moeite werd om voor te lewe, voor te sterf, enigiets anders. En as Hy dit ooit aan jou bevestig het dat dit die Waarheid is, dan kan ons nie weggaan daarvan, nêrens nie. Hy sal net daar wees, net dieselfde. Jy kan dit nie doen nie.

72 Deur Sy voorsiene profeet, die een wat Hy verordineer het om daarheen te gaan en daardie boodskap uit te roep. Nou, het gelyk asof Hy 'n ander profeet kon stuur, maar Hy het Jona verordineer; en selfs Elía sou nie gedoen het nie; Jeremia sou nie gedoen het nie; Moses sou nie gedoen het nie. Dit was Jona wat na Ninevé moes gaan. Dis al wat daaraan was. Hy het hom opdrag gegee en vir hom gesê om te gaan. En wanneer Hy sê: “Gaan daarheen, Jona, gaan na Ninevé,” kan niemand anders dit gaan doen behalwe Jona nie.

En wanneer God jou iets sê, moet jy dit doen; niemand anders nie. Sien, ons moet dit net in die oë kyk, en, en dit gaan doen.

Ons glo dat ons lewe in die uur wanneer God iets doen. Ons glo dat ons nou onder hulle lewe. Ek glo vanaand preek ek vir daardie gemeente wat—wat lê en wag daar om net ryp te word. Ek—ek glo dit regtig met my hele hart. Ek sou sê dis nou dieselfde as wat dit altyd was.

73 Nou, ons glo dat die uur gekom het dat Johannes 14:12 vervul moet word. Ons, ons glo dat Maleági 4 vervul moet word. Ons glo Lukas 17:30 moet vervul word. Ons glo dat, al hierdie profesieë wat Hy gesê het sou gebeur in hierdie dag. Ons glo hulle moet vervul word en ons glo ons sien hulle nou vervul word. Dis presies reg.

Hou op hardloop. Moenie uit Sy Teenwoordigheid kom nie; beweeg net op in Sy Teenwoordigheid. Dis reg. En ek weet dis wat jy begeer om te doen. Want ek het lisensies daar gesien vanaf Texas, en Louisiana, en oral. Dis waarvoor ons hier is, is nie om weg te hardloop van Sy Teenwoordigheid nie, maar om in Sy Teenwoordigheid in te hardloop.

Kom terug, klim af van die … [Leë kol op band — Red.] … was 'n Jona, as jy gewonder het watter kant toe om te gaan of wat om te doen, kom, klim op die skip saam met ons vanaand. Ons gaan af na Tarsis om uit te roep … of, Ninevé, om uit te roep. Ons laat daardie Tarsis skip afgaan as hulle wil. Ons het 'n plig voor God, dis 'n Boodskap waarvoor ons verantwoordelik is.

74 So in hierdie komende week, net 'n klein voorspel vanaand, om julle te laat weet. Wanneer ek uitroep, is ek alleen verantwoordelik vir 'n Boodskap, broers. Julle predikers wat hier sit, ek is nie hier om julle gevoelens seer te maak nie. En julle vroue en mans, oor hierdie huwelik en egskeiding saak wat kom, ek wil hê julle moet vanaand onthou. Ek het dit alles gesê om dit aan julle oor te dra dat ek slegs teenoor God verantwoordelik is.

En dan, weer, is ek verantwoordelik teenoor julle om julle die Waarheid te vertel. En ek gaan julle niks vertel behalwe die Waarheid nie, solank as wat God my laat weet wat Waarheid is. Totdat ek die Waarheid ken, sal ek niks daaroor sê nie, sien, ek sal niks daaroor sê nie. Maar ek glo wel dat God my die Waarheid oor *Huwelik En Egskeiding* wys, en ek vertrou dat Hy my dit sal laat uitbring.

75 En ander Boodskappe wat ek voorneem om hierdie week te hê, is: *Wie Is Hierdie Melgisédek*? *Waar Het God Gekies Om Sy Naam Te Plaas*? En 'n paar van daardie dinge soos dit, wat Boodskappe is wat kom, en *Geboortepyne*. En—en 'n paar dinge, in—in daardie orde, en aanvullend tot 'n *Man wat Sy Vrou Kies*. En 'n paar dinge, daardie Boodskappe wil ek hierdie week ter sprake bring. Maar ek wil net hê die gemeente …

Waar, as daar 'n prediker hier sou wees; ek is nie hier nie, my broers … Ek wil nie hê julle of sommige van julle lidmate moet teruggaan na julle kerk en sê: “Broer Branham het *so* en *so* gesê nie.”

Ek is pligsgebonde aan 'n Boodskap wat aan my gegee is deur die Almagtige God. Soos ek hier staan vanaand, en God weet dis waar, dat reg op hierdie rivier … Daar is mense, miskien, wat hier sit, toe daardie Engel van die Here daar afgekom het en vir my gesê het wat Hy gedoen het, net daar in 1933, reg onder op hierdie Springstraat hier. As jy 'n vreemdeling hier is, ry reguit af. Dis hoek van Springstraat, daar waar jy die rivier tref, en daar is waar dit gebeur het. Dit was in 1933. Dit was waarskynlik omtrent twee-en-dertig jaar gelede, toe. O, dit was dertig- … dit was dertig- … twee-en-dertig jaar gelede, twee-en-dertig jaar gelede.

En hoedat Hy dit reg afgebring het, alles. En ons het uitgegaan, die Boodskap gebring, en die siekes genees gesien, die blindes, en die gebreklikes, en verlamdes, en kreupeles, en alles. En sien dan selfs die

dooies, dat ons weet wat geverifieer is, opgewek is uit die dood. Die mense sterf, en het weer reg opgestaan terug na lewe, en al hierdie dinge. As 'n Boodskap uitgaan, is daar tekens en wonders!

76 En jy sien steeds daardie selfde ou denkrigting waarmee jy vorendag gekom het? Dit het nie van God gekom nie. God hoef nie net te doen …

God probeer jou aandag trek na Iets.

En toe, toe Jesus uitgegaan het, het Hy die siekes begin genees en groot werke en dinge gedoen. Hy, altyd, Hy … Jesus het dit gedoen. En Moses en Jesus het dit gedoen, en die res van hulle. En toe Hy hier was, het Hy dit gedoen.

En Hy doen dit, dieselfde ding vandag. Wanneer Hy 'n diens soos daardie uitstuur, herlewings, en 'n byeenkoms op die aarde begin, en begin beweeg met hierdie groot tekens en wonders. En dan sien julle, kom terug, daardie selfde ou skool van onderrig, daar—daar is iets verkeerd daar iewers. Daar is iets nuuts wat na vore kom! Toe Jesus uitgekom het, nadat, toe …

77 “Hy is 'n goeie Rabbi.” Hy kon na enige preekstoel gaan en preek toe Hy die siekes genees het. Toe, o, hulle daarvan gehou het om Hom daar te hê.

Maar eendag toe Hy gaan sit en gesê het: “Ek en My Vader is Een,” broer, was Hy nie so gewild daarna nie. Toe Hy gesê het: “Tensy julle My vlees eet en My Bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie. Maar hy wat My vlees eet en My Bloed drink, het ewigdurende Lewe; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” Toe was Hy van daar af nie so gewild nie.

Hulle het gesê: “Hierdie Man is 'n vampier. Hierdie Man is 'n Beëlsebul. Dis hoe Hy daardie dinge gedoen het. Hy kon fortuin vertel. Hy het deur hulle—hulle gedagtes gekyk en hulle gedagtes waargeneem. Hy's 'n fortuinverteller.”

Maar, wat dit was, Hy—Hy was die Woord van God gemanifesteer vir daardie uur. En Hy was pligsgebonde. Hy het gesê: “Ek doen altyd wat My Vader behaag.” God help ons om dieselfde ding te doen, dit te doen wat die Vader behaag.

En ek hoop julle almal sal verstaan. As julle met my verskil oor hierdie Boodskappe en dinge, dat julle sal onthou, ten minste hierdie respek sal hê, dat ek 'n verantwoordelikheid het, en ek gaan nie na Tarsis nie. Ek is op die pad na Ninevé en ek—ek moet uitroep. Die Here seën julle almal.

Laat ons nou net 'n oomblik ons hoofde buig.

78 Dis amper nege-dertig. Ek wil julle nie hou nie, maar ek wil dit vind as ek kan, vanaand. Is daar sommige hier wat—wat net nie presies is waar jy in Christus behoort te wees nie, maar jy—jy sou wou wees, en jy begeer om te wees, sou jy net jou hand opsteek, sê: “Broer Branham, bid vir my”? God seën julle, kyk net na die hande. “Ek—ek wil … Ek is hier, Broer Branham, om nader aan God te kom.”

En as jou kop opgelig was, my—my hand is ook op. Dis waarvoor ek hier is. Ek is honger, soos julle is.

Maar, o, nou die dag het een van die wonderlikste dinge gebeur, en ek—ek weet nou wat om te doen. En ek—ek bid dat God julle daardie duidelike insig sal gee. Dis daar. Die … As daar 'n vraag in jou gemoed is, moet daar iewers 'n antwoord wees om terug te antwoord op daardie vraag. My gebed is, God laat julle daardie vraag beantwoord sien gedurende hierdie tyd.

As jy siek is, mag God jou genees. Ons gaan genesingsdienste hê, reken ek, omtrent elke aand, en ons gaan vir die siekes bid. Ons gaan enigiets doen wat ons kan om julle te help, en julle doen alles wat julle kan om ons te help. En ons sal saamwerk, in die vertroue dat God ons 'n groot diens sal gee.

79 Nou, Vader God, hierdie paar opgesnyde woorde, maar hulle is nou in U hande. Here, hulle is gesê. Ek sal dit moet ontmoet. Net soos … Daardie woorde kan nooit sterf nie; hulle gaan om en om die aarde, op 'n rekord, en eendag sal ek dit weer reguit moet trotseer. Ek besef dit, Here, en ek sê dit met diepte van opregtheid.

Ek bid, dierbare God, vanaand vir elkeen van hierdie, U kinders. En, O God, ek vertrou, voor die week verby is, sal hulle—hulle verstaan; dat die vraag, wat so groot in hulle gemoed is vanaand, afgehandel sal wees. Skenk dit, Here.

Daar is sommige hier wat U nog nie ken nie, Vader, as Verlosser, of miskien nooit gevul is met die Heilige Gees nie. Mag dit daardie aand wees.

Here, ek kan niemand met die Heilige Gees vervul nie; ook kan ek niemand red nie. Ek kan net vir hulle sê wat U gesê het: “Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word.” En ek bid, God, dat U so 'n honger in hulle harte sal skep.

Baie, Here, hulle moet honger wees; hoe sou hulle hierdie honderde myle ry, deur ys en alles, en oor reënerige berge, en oor woestyne, om by 'n klein ou plekkie te kom sit hier op die hoek! Dan dink ek weer, U het gesê: "Waar die Karkas is, sal die arende saamkom." Voed ons, Here, op U Goddelike Manna. Gee aan ons siele dit wat ons regtig nodig het. Ons dors na U, Vader. Ons is nou in U hande.

Laat die groot Heilige Gees wat nou die dag daar op die berg afgekom het, ek bid dat Hy elke hart hierbinne sal versadig met Sy goedheid en genade, met insig. Ons besef, Vader, dis wat ons nodig het, is om te verstaan. Want as ons nie weet wat ons doen nie, hoe weet ons dan hoe om dit te doen? Maar ons moet begrip hê. Soos Daniël gesê het, hy het "insig gehad deur die profeet Jeremia se Skrif." En, Vader, ons het begrip deur die Heilige Gees se Skrif, soos Hy Dit aan ons sal openbaar in hierdie uur. Gee vir ons, Here, die begeertes wat ons vir U het. Ons vra dit teer, Vader, tot U eer, in die Naam van Jesus Christus.

80 Nou met ons hoofde gebuig. Soos ons suster dit sê: "Hy sal my genade en heerlikheid gee en saam met my gaan die hele pad." Ek wil hê julle moet nou net stilweg bid en die Hemelse Vader vra dat Hy aan julle sal gee, vanaand, dit wat julle nodig het.

Dierbare Broer, dierbare suster, Hy's net so naby soos jou arm aan jou is. Julle, julle het my geglo in—in ander dinge, glo my hierin. Hy is hier om julle te gee wat julle ook al nodig het.

O, vir die laaste paar weke was ek so honger, so dors, so heimwee, om julle te sien. Dis waarom ek gesê het: "Billy, laat ons huis toe gaan."

Meda het gesê: "Waarvoor wil jy weer teruggaan na daardie koue kontrei, Bill? Jy kry altyd 'n seer keel en alles. Jy kom altyd uit, en kopverkoue, en jy's hees, en jy kan skaars praat."

Ek het gesê: "Wel, ek weet nie." Ek het vir haar gesê … Ek sien my vriend, Charlie Cox, sit daar agter. Ek het gesê: "Ek is net gretig om Charlie te hoor sê: 'Daardie klein eekhorinkie het daardie boom daarbo geklim.' Ek raak net so honger om dit te hoor." Ek—ek wil—wil net tussen julle wees.

81 Ek weet my Broer Banks het regtig siek geword. En ek het 'n visioen van hom gesien, hier nie lank gelede nie, en hy het op sy rug gelê. En ek weet hy was baie na daaraan om weg te gaan van ons af, onlangs. Wanneer ek kyk na elkeen van julle …

Ek het nou die aand ingekom na die Christen Sakemanne se byeenkoms, en internasionaal. Ou "Oupa" Shakarian, Demos se vader, hy het altyd daar gesit en net bly kyk tot ek inkom, dan sou hy glimlag, en daardie klein wuif wat hy vir my sou waai. Hy was nie daar nie. Hy's weg.

Toe moes ek na daardie familie toe kom met SO SPREEK DIE HERE, hulle dogter gaan ook sterf. Florence, ek het haar in 'n visioen gesien, haar gesien gaan. En ek weet sy gaan. En ek het gesê: "Bid, bid net. Julle weet daar's … 'n Profeet is eenkeer gesê om vir 'n koning te gaan sê om sy huis in orde te bring. En hy het gebid, en Hy het sy lewe gespaar, vyftien jaar langer." Ek het gesê: "Bid."

82 Maar, jy kyk, en ek—ek kom terug … Ek het hier in 'n restaurant gesit, nou die dag, geëet. 'n Man het na my toe geloop, gesê: "Is jy nie Billy Branham nie?"

Ek het gesê: "Ja."

Hy het my waarskynlik nie geken nie as gevolg van *dit* oor hierdie kaal kol op my kop. Ek het hierdie stukkie hare gedra om te voorkom dat ek 'n seer keel kry tydens hierdie byeenkoms.

Hy het na my toe geloop, hy het gesê: "Ek het gedink ek ken jou, Billy."

Ek het gesê: "Ja." Ek het gesê: "Wie is jy?"

Gesê: "Ek is John Warman."

Ek het gesê: "Hoe gaan dit met Zip?"

Hy het gesê: "Billy, hy het gesterf." Uh!

83 Ek het afgekom deur die hofgebou; het afgegaan om my belasting te betaal. Het afgekom deur die hofgebou en 'n dame het vir my geskree, en sy het gesê: "Het jy geweet John is weg?" Of, een of ander naam. Dit mag nie John gewees het nie; Ed, of iets. En ek het gesê … Ek het nie die vrou geken nie. Ek het verleë gevoel. En het uitgevind, ek het nie geweet wie sy was nie.

Sy het gesê: "Onthou jy een donker nag toe die rivier bo-oor die oewers hierbuite was en huise wat wegspoel, oorkant in Chestnutstraat, en jy het jou lewe gewaag om in 'n plek in te gaan en 'n vrou en 'n paar kindertjies uit te kry?"

Ek het gesê: "Jy, sy?"

Sy het gesê: “Ek—ek's die dame.” Sy het begin skree vir haar baba; julle ken my storie. Sy het gesê: “Daardie een wat ek 'my baba' genoem het, is getroud en het 'n familie.” Sien? En hier is sy, oud en grys; en hier is ek, ook.

Een vir een gaan ons kaarte uit die rak, soos dit was. En ons het dienste en ek mis *hierdie* een, mis *daardie* een. Ons moet almal weg wees, een van hierdie dae.

Maar, broer, suster, daar is 'n bymekaarkomplek. Laat ons nou seker wees dat ons reg is. Sal jy? Moenie dat al ons insig van God, ensovoorts, tevergeefs verbygaan nie. Laat ons glo.

84 Vader, hulle is in U hande. Ek is in U hande, Here. Ons is nou net hier in toewyding, voor die komende byeenkoms wat môreaand begin. Sal U ons help, Here? Mag ons—mag ons gesprek voortdurend op U wees! Mag ons harte en gedagtes op U toegespits wees, en U het gesê U sal ons in volmaakte vrede hou. Dit is ook in die Bybel geskryf: “Steun nie op jou eie insig nie.” O God, ons wil nie ons begrippe hê nie; ons wil U begrippe hê. Gee hulle vir ons, O God. En mag die herlewing in ons siele kom totdat hierdie klomp mense net een hart en eensgesind sal wees. Skenk dit, Vader. Skenk hierdie dinge, terwyl ons bid in Jesus Christus se Naam.

Totdat eens my lied verrys
Ewiglik daar bowe.
By die kruis, by die kruis,
Sal ek Jesus … (laat ons julle hande opsteek) … lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.
Jesus, hou my by die kruis,
Waar die heilsfonteine,
Vry met … (ja, Here, vry) … lewenswaters bruis,
Helend smart en pyne.
By die kruis, by die kruis,
Sal ek Jesus lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.

85 [Broer Branham begin om *By Die Kruis* te neurie — Red.] O God! As daar enigeen van julle is wat voel asof jy wil opkom en kniel by die altaar, as jy net wil kom, sê: “Ek is nie waar ek moet wees nie, Here. Ek—ek wil 'n hertoewyding maak. Ek wil dit vanaand doen, Here.” Julle is welkom om te kom. Ons sal hier wees om saam met julle te bid. [Broer Branham gaan voort om *By Die Kruis* te neurie.]

By die kruis, by die kruis,
Sal ek Jesus lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.
Jesus, hou my by die kruis,
Waar die heilsfonteinte,
Vry met lewenswater bruis,
Helend smart en pyne.
By die kruis, by die kruis,
Sal ek Jesus lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.

86 Laat ons net bid, elkeen op jou eie manier nou. Vergeet net—net tyd. Laat ons net ons hoofde buig in Sy Teenwoordigheid. Hierdie dametjie hier wat uitroep: “Ek het U lief, Jesus!” Jy onthou toe jy gered is, baie jare gelede, onthou hoe soet dit vir jou was? Hy is net so soet vanaand. Laat ons bid, almal op julle eie manier nou. Laat ons net—laat ons net almal onsself aan God toewy, net onsself toewy aan die Here.

87 Dierbare Here Jesus … [Leë kol op band — Red.]

Die Stroom van al my troos,
Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U?

Of wie in die Hemel behalwe U? Dierbare God, ons bid nou dat U goedertierenheid en genade op ieder en elk van ons gestuur sal word, Here. Ons is hier rondom die altaar. Baie kon nie opkom nie; U sal hulle by hulle sitplekke ontmoet. Wat ons ook al aanbied, Here, U is gewillig om te ontvang. As ons U net ons tyd aanbied, sal U dit ontvang; talent, sal U dit ontvang. Maar, Here God, vanaand gaan ons verby dit, ons bied alles aan wat ons is. Alles wat ek is, alles wat ek ooit verwag om te wees, alles is in U, Here. Ons bid dat U dit sal neem, ons gebede, in U hart, Here, en gee ons van die groot diepte van die Heilige Gees, dat ons lewens verander sal word. Want ons sien

dat ons nou naby die einde is. Kan nie veel langer wees nie. En soos ons ons geliefdes sien neerval, dag vir dag, jonk en oud, weet ons dit moet gou aan ons deur klop. En vanaand, Here, terwyl ons by ons volle verstand is, hier sit, of hier kniel, hier staan, in watter posisie ons ook al is, ontvang ons, Here God.

Neem my, Here. Ek is niks nie, maar wat ek ook al is, Here, as U enige nut uit my kan kry, wy ek myself aan U toe.

88 Ek bid, dierbare God, vir elkeen van hierdie. Hierdie dierbare mense waarvoor ek oorkant in die berge in Arizona gestaan en oor gehuil het, en hier het hulle om die altaar gekniel saam met ons vanaand, biddend, wy ons lewens toe. Ons het U lief, Vader, meer as ons eie lewens. Ons het U meer lief as ons families. Ons het U meer lief as vrou, kinders, vader, moeder, suster, broer, man, vrou. Ons het U lief, Here Jesus. Maak dit so werklik in ons harte, Here. Giet die olie van blydskap in, hierdie week, Here, in ons siele. Gee ons 'n bad, 'n was van die Woord, deur die water van die Woord, deel vir ons Waarheid.

89 Baie hier vanaand, Here, en sal hier wees, wat verward is oor hierdie onderwerpe wat lewensbelangrik is. O God, maak daardie fontein oop in die huis van God, dit—dis vir reiniging van ons. Ek bid, God, dat U ons sal was en ons reinig in U Bloed, en ons nuwe skepsels maak. En gee ons genade en krag om die Woord van Waarheid voort te bring in Sy Goddelike openbaring van die Wese van Jesus Christus.

Mag Hy voor ons verskyn, Here. Mag Hy kom en ons siekte genees, ons sondes vergewe, ons honger harte vul met goeie tyding van groot vreugde, die Evangelie gemanifesteer in ons lewens.

Seën elke pastoor, elke sangleier, elke Sondagskoolonderwyser. Seën ons almal saam, Here, want ons het U waarlik lief. En nou is ons U s'n, Here, in hierdie toewyding. In die Naam van Jesus Christus, gebruik ons nou volgens U Eie wil.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O Goddelike Verlosser;
Nou hoor my terwyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag af
Volkome U s'n wees!

Hou julle daarvan? Laat ons weer sing.

Terwyl ek die lewe se donker doolhof trap,
En droefheid om my versprei,
O, wees U my Leidsman;
Laat duisternis verander in dag,
Vee droefheid se trane weg
En laat my ook nooit afdwaal nie
Eenkant weg van U af.

Laat dit julle goed voel? [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] Hoeveel hou daarvan om daardie ou liedere te sing? [“Amen.”] Ek het hulle net lief. En julle?

O, ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.
O, ons marsjeer na Sion,
O, pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.
Kom, ons wat die Here liefhet,
En laat ons vreugdes bekend word,
Sluit aan by die lied met welbehae,
Sluit aan by die lied met welbehae,
En so omring die Troon,
En so omring …

Nou, laat ons nou opstaan soos ons dit sing. Skud hande met mekaar.

Marsjeer na Sion,

Seën jou, suster!

Seën jou, suster! Seën jou, broer! Seën jou, suster! [Broer Branham gaan voort om die mense te groet — Red.]

Daardie pragtige Stad van God.

Laat ons nou ons hande opsteek na God.
O, ons marsjeer na Sion,
Pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.
O, ons marsjeer na Sion,
O, pragtige, pragtige Sion;
Ons marsjeer opwaarts na Sion,
Daardie pragtige Stad van God.

Laat dit julle nie wonderlik voel nie? [Gemeente juig — Red.] Goeiste, goeiste! O, laat ons net ons hande opsteek en Hom net op ons eie manier prys.

90 Here Jesus, U die Roos van Saron, Lelie van die Dale, die Helder Môrester, die Skoonste van tienduisende vir my siel. U die Stroom van al my troos, meer as lewe vir my! Hoe lief het ons U! Hoor ons, O Here. Hoe dank ons U nie! O! [Leë kol op band — Red.] Hoe prys ons U nie! Seën hulle, ons kosbare Here en Verlosser! Skenk hierdie dinge, Here. Skenk dit. [Broer Branham en gemeente gaan voort om te bid en God te prys.]
By die kruis,
Sal ek Jesus lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.

Op een of ander manier voel ek net ons gaan … Daar is iets wat reg voor ons lê. Nou, onthou net, ek glo ek profeteer. Groot vreugde lê voor. Glo dit. Dis reg. Baie bedroefde harte sal gemaak word … Groot verborgenhede sal duidelik gemaak word, en mense wat hartseer is, sal in vreugde verander word. [Gemeente juig — Red.]
By die kruis, by die kruis,
Sal ek Jesus lowe;
Totdat eens my siel verrys
Ewiglik daar bowe.

91 Soos Johannes van ouds, toe hy te oud geword het om te preek, sou hy net sit en skree, vertel hulle my, met al sy mag: “Kindertjies, wees lief vir mekaar!” Wees lief vir mekaar. Moenie dat iets onder julle kom nie, sien. Hou alles, alles weg van … Ja, maak nie saak wat dit is nie, kyk dit in die oë. Ons is op die pad na Ninevé. Sien? Moenie op daardie ou skip van Tarsis klim, wat jou uit die geselskap neem nie. Laat ons reguit opbeweeg in die stroom van God se seëninge. Ek glo ons gaan dit hê. Ek glo ons Vader.

92 Voel nou beter, suster? Dis goed. Dis hoe ek daarvan hou om kinders gebore te sien, wat deurkom. [Die suster bly bid en juig — Red.]

Ek kan net aan jare gelede dink, reg op hierdie gronde, hoeveel duisende reg in die Koninkryk van God gebore is, reg op hierdie grond. Hoe min het ons geweet, toe ons hier gestaan het met 'n tagtig sent in ons sak, om die kerk mee te bou! O, Hy het gesê: “Ek die Here het dit geplant; Ek sal dit dag en nag water gee.” En Hy het dit gedoen. Hy het dit gedoen.

God seën julle. Nou wanneer ons ons hoofde buig …

93 Nou, môreaand, onthou, die dienste sal hierbo by die skoolouditorium gehou word. En as … Ons sal nou iemand hier gepos hê om die mense te wys hoe om daar te kom, want nuwes sal inkom.

As julle Hom liefhet, sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.” — Red.] O, is Hy nie wonderlik nie? [“Amen.”]

Ek het hier op die oewer gestaan en daardie ou lied gesing:
Op die Jordaan se stormagtige oewers staan ek,

Dink, dit was dertig jaar gelede, drie-en-dertig, drie-en-dertig jaar gelede.
En gooi 'n wensende oog,
Na Kanaän se mooi en gelukkige land,
Waar my besittings lê.

En baie wat ek gedoop het, daardie aand, is nou daar oorkant. Toe hulle daar gestaan en gesien het daardie Môrester wat uit die hemele neergedaal het, het so rondgedraai, gesê: “Soos Johannes die Doper uitgestuur is om te bring, om die eerste koms van Christus vooraf te gaan, sal jou Boodskap die tweede Koms voorafgaan.” Hoe kon dit gedink word? Maar, al God se Woorde is waar, al God se Woorde.

Ons lewe in die Teenwoordigheid van die groot Koning. God seën julle.

Terwyl ons ons hoofde buig, gaan ek Broer Neville, ons kosbare pastoor, vra om hierheen te kom en ons in gebed te verdaag. God seën jou, Broer Neville.

MESSAGE hub online

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7